

Jou
Baken van Hoop
gedurende moeilike ekonomiese tye



INHOUDSOPGAWE

- Belasting en vaste eiendom: Tydsberekening van KWB vs BTW
- Uitdagings vir bestuurders in turbulente ekonomiese omstandighede
- Internet gebaseerde rekenkundige stelsels vs op perseel stelsels - hoe klop die somme?
- Struktuur van 'n behoorlik opgestelde Testament
- Die oorgangstydperk vir die intree van die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk vir Swart Ekonomiese Bemagtiging verleng
- Versekeringsbedrog



Belasting en vaste eiendom: Tydsberekening van KWB vs BTW

Die meeste ondernemings wat vaste eiendom besit sal onderworpe wees aan kapitaalwinstbelasting (KWB) en belasting op toegevoegde waarde (BTW) by die verkoop van sodanige vaste eiendom. Die verkoop van enige vaste eiendom het gewoonlik aansienlike KWB- en BTW-gevolge. Vir die meeste sake-ondernemings is dit belangrik dat die kontantvloei wat spruit uit die verkoop van die vaste eiendom saamval met die tydstip van KWB- en BTW-aanspreeklikheid om die kontantvloei te vergemaklik. Die werklikheid is egter dat daar beduidende verskille is in die tydstip van die KWB- en BTW –aanspreeklikheid wat ondernemers en belastingbetalers in gedagte moet hou om kontantvloei-probleme te vermy.

Tydstip van uitset BTW aanspreeklikheid

’n Geregistreerde BTW ondernemer wat vaste eiendom gebruik vir die maak van belasbare lewerings, of gedeeltelik belasbare lewerings, sal verantwoordelik wees om uitset BTW te verklaar op die vergoeding ontvang met verkoop van die “vaste eiendom”.

Die definisie van ‘vaste eiendom’ sluit in grond (tesame met die verbeterings daarop aangebring), enige eenheid soos omskryf in Wet op Deeltitels van 1986 (Wet Nr. 95 van 1986), enige aandeel in ’n aandeel blok maatskappy wat die reg verleen of belang verleen vir die gebruik van onroerende eiendom, en, in verband met ’n eiendomstyddeelskema, enige tyddeel belang soos omskryf in die Wet op die Beheer van Eiendomstyddeel van 1983 (Wet Nr. 75 van 1983), en enige saaklike reg in sodanige grond, eenheid, aandeel of tyddeel belang.

Wanneer vaste eiendom vervreem word kragtens ’n verkoopsooreenkoms hoef uitset BTW slegs in berekening gebring te word tot die mate wat die verkoper van die vaste eiendom betaling van die koopprijs ontvang het. Inset BTW kan slegs geëis word tot die mate waartoe die koper reeds ’n betaling gemaak het op die koopprijs.

Die betalings in ’n vaste-eiendomstransaksie word gewoonlik gedoen, op die datum van registrasie van die vaste eiendom by die Aktekantoor. As sodanig, blyk daar nie ’n risiko te wees dat die tydstip van die BTW-aanspreeklikheid die kontantvloei spruitende uit die verkoop sal oorskry nie.

Tydsberekening vir KWB

Die opbrengs uit die verkoop van vaste eiendom waar die vaste eiendom gehou is as ’n kapitaalbate sal nie ingesluit word in “bruto inkomste” per die Inkomste Belastingwet nie. In sodanige geval sal die verkoop van vaste eiendom onderhewig wees aan KWB, as veronderstel word dat geen van die uitsluitings, byvoorbeeld die primêre woning uitsluiting, van toepassing sal wees nie.

Met betrekking tot die tydstip van verkoop van bates vir KWB-doeleindes wanneer ’n spesifieke gebeurtenis, wet, terughouding of werking van die gereg plaasvind, is die tydstip-van-besikking (verkoop van die vaste eiendom)-reëls van toepassing wanneer die bepaalde gebeurtenis plaasvind, hetsy dit ’n verandering in eienaarskap voorafgaan of, vir een of ander onvoorsiene rede, ’n verandering van eienaarskap nooit plaasvind nie. Dus, wanneer hierdie beginsel op vaste-eiendomstransaksies toegepas word bestaan daar geen twyfel nie dat die tydstip van verkoop van vaste-eiendomstransaksies nie noodwendig sal saamval met datum van die verandering van eienaarskap, naamlik die registrasie by die Aktekantoor nie.

Die reël vir die tydstip van verkoop vir bates, wat vaste eiendom insluit, stel dit as volg:

- 'n Ooreenkoms vir die verkoop van die bate onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde, die datum wanneer aan die opgeskorte voorwaarde voldoen is, of
- 'n Ooreenkoms nie onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde, die datum van sluiting van ooreenkoms (gewoonlik wanneer die aanbod deur die verkoper aanvaar word).

In die geval van 'n opskortende voorwaarde wat ingesluit is in die ooreenkoms vir die verkoop van vaste eiendom, word die tydstip van verkoop opgeskort afhangende die voorkoms van 'n gespesifiseerde gebeurtenis. 'n Opskortende voorwaarde skort die volle verpligting op kragtens 'n kontrak en maak dit afhanklik van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis. 'n Voorbeeld van 'n opskortende voorwaarde is 'n klousule in 'n verkoopsooreenkoms wat verklaar dat die verkoop slegs bevestig sal word indien 'n verbandlening toegestaan word.

Voorbeeld 1 – Verkoop onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde

Feite:

Lindsay het sy luukse meenthuis by Ballito op 28 Februarie 2014 aan Kevin vervreem, onderhewig daaraan dat Kevin in staat is om 'n verbandlening te kry. Op 30 Junie 2014 kry Kevin die verbandlening, en op 15 Augustus 2015 word die eiendom oorgedra na sy naam.

Resultaat:

Die datum van verkoop is 30 Junie 2014 toe aan die opskortende voorwaarde voldoen is.

'n Onderskeid moet getref word tussen 'n opskortende voorwaarde en 'n bepaling van 'n kontrak. In die geval van 'n opskortende voorwaarde, word die werking van die verpligtinge wat spruit uit die kontrak opgeskort, in geheel of gedeeltelik, hangende of 'n bepaalde gespesifiseerde gebeurtenis plaasvind of nie plaasvind nie. 'n Bepaling van die kontrak, andersyds, plaas 'n kontraktuele verpligting op 'n party om in 'n besondere manier op te tree, of hom/haar te weerhou van optrede. 'n Kontraktuele verpligting spruitende uit 'n bepaling van die kontrak kan afgedwing word, maar geen optrede sal geleë wees om die uitvoering van die voorwaarde af te dwing nie.

'n Blote term of bepaling in 'n kontrak is een waarin die voortsetting van die werking van die ooreenkoms gemaak is om afhanklik te wees van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis om plaas te vind. In die geval van 'n bepaling in 'n kontrak is daar geen uitstel van die verkoop nie.

Voorbeeld 2 – Verkoop onderhewig aan ontbindende voorwaarde

Feite:

Op 15 Januarie 2014 het Acorn Trust sy belegging in Oak Tree (Edms) Bpk verkoop aan 'n bemagtigingskonsortium. Die verkoopsooreenkoms het daarvoor voorsiening gemaak dat die verkoop gekanselleer sou word en enige gelde wat deur die kopers betaal was aan die verkoper verbeur sou word indien die maatskappy nie 'n omset van R100 miljoen teen Junie 2014 sou lewer nie.

Resultaat:

Die datum van verkoop is 15 Januarie 2014.

As sodanig, in die geval van 'n onvoorwaardelike ooreenkoms van vaste eiendom, sal die tydstip van verkoop van vaste eiendom wees op die datum wanneer die ooreenkoms gesluit is, wat op sigself 'n aangeleentheid onderhewig aan kontraktereg is en sal dit afhang van die feite en omstandighede in 'n besondere geval. Soos hierbo bespreek, kan die tydstip van beskikking dus die tyd van oordrag van eienaarskap voorafgaan en dus die kontantvloei van 'n belastingbetaler voorafgaan. Die impak van 'n negatiewe kontantvloei op 'n belastingbetaler kan wees weens die feit dat 'n belastingbetaler belasbare kapitaalwins in sy geraamde belasbare inkomste insluit vir die doel van die tweede voorlopige belasting berekening, om te verseker dat die belastingbetaler se raming binne 80% van die werklike belasbare inkomste van die belastingbetaler is om 'n onderskattingsboete vir die tweede voorlopige belasting doeleindes te voorkom.

Indien die verkoop van vaste eiendom voor die jaareinde plaasgevind het maar die registrasie van die eiendom in die naam van die belastingbetaler by die Aktekantoor eers plaasgevind het na die jaareinde, wat nie 'n ongewone gebeurtenis is nie, moet die belastingbetaler rekenskap gee van die geraamde KWB as deel van tweede voorlopige belasting betaling voordat die opbrengs op die verkoop ontvang is. 'n Scenario wat selfs erger is in soverre dit die kontantvloei-impak vir die belastingbetaler betref, is wanneer die tyd van verkoop voor die jaareinde is, maar die verkoop-ooreenkoms gekanselleer word na die jaareinde weens die nie-voldoening aan 'n bepaling van die verkoop-ooreenkoms.

Kortliks kom dit daarop neer dat die kansellering van die verkoop in die daaropvolgende jaar van aanslag tot gevolg sal hê dat die kapitaalwins wat in berekening gebring was in die jaar van verkoop omgekeer word as 'n kapitaalverlies in die jaar van kansellering, terwyl 'n kapitaalverlies wat in berekening gebring was in die jaar van verkoop in berekening gebring sal word as 'n kapitaalwins in die jaar van kansellering. Dit is dus duidelik dat vaste eiendomstransaksies wat gesluit word net voor die jaareinde beduidende negatiewe kontantvloei gevolge vir 'n belastingbetaler kan hê. Vir vaste eiendom wat onteien word is daar 'n spesifieke tydstip van beskikking reël wat dit stel dat die tyd van beskikking is slegs die datum waarop die persoon die volle vergoeding ontvang waarop ooreengekom is of finaal vasgestel is deur 'n bevoegde tribunaal of hof. By onteiening van vaste eiendom is die negatiewe kontantvloei-impak weens die betaling van KWB dus beperk.

Gevolgtrekking

Omdat geregistreerde BTW ondernemers slegs rekenskap moet gee vir die uitset BTW by die verkoop van vaste eiendom tot die mate wat betaling ontvang is, wat normaalweg die datum van oordrag van eienaarskap van die vaste eiendom is (registrasiedatum by die Aktekantoor), pas die tydstip van die aanspreeklikheid vir uitset-BTW vir die verkoper gewoonlik by die ontvangs van die opbrengs op die verkoop van die vaste eiendoms transaksie in, en laat dus nie die verkoper platsak in soverre dit die betaling van die uitset-BTW aanspreeklikheid betref nie.

Die KWB-tydstip van beskikking vir die verkoop van vaste eiendom sal op die datum wees van die sluiting van 'n onvoorwaardelike verkoopsooreenkoms, wat gewoonlik die werklike oordrag van eienaarskap van die vaste eiendom voorafgaan voor die jaareinde. Soos hierbo bespreek kan dit tot gevolg hê dat belastingbetaler die KWB moet betaal as deel van voorlopige belasting in een jaar, terwyl die opbrengs op die verkoop slegs in die volgende jaar ontvang word. Daaropvolgende kansellering van verkoop-ooreenkoms kan selfs 'n erger kontantvloei effek hê vir die belastingbetaler.

Wessel Smit
B.Compt (Hons) HDip Tax MCom (Taxation) CA(SA)
Direkteur/Director: Core Tax (Pty) Ltd



Uitdagings vir bestuurders in turbulente ekonomiese omstandighede

By geleentheid is daar 'n onderskeid getref tussen twee belangrike faktore wat in verhouding staan tot mekaar, naamlik Wat om te hê/doen versus wat nie bekostig kan word om te hê/doen nie

Wat moet ek hê/doen

Wat kan ek nie beskotig om te hê/doen

Op die oog is die noemer en die deler basies dieselfde, maar tog nie. Die plaas is 'n sakeonderneming en as sodanig behoort dit te voldoen aan die basiese vereiste van mededingende bestuur ten einde mededingend te kan wees. Boere/bestuurders kan gerus tyd afstaan en oor hierdie verhouding besin.

Die besluitnemingsomgewing binne die vier plaasdrade word toenemend beïnvloed deur wat buite die plaas gebeur met bitter min wat die bestuurder/ besluitnemer daaraan kan doen. Hy/sy is egter getaak om winsgewend te opereer en kom die vraag op oor wat gedoen moet word.

Die Sakeskool van Stellenbosch Universiteit het die eerste Bestuursindeks in Suid-Afrika opgestel en gepubliseer. Daarmee is daar nou 'n maatstok van die mees kritiese uitdagings vir sakeleierskap en –bestuur beskikbaar gestel. Die opname het bykans 600 bestuurders betrek. Van die vernaamste bevindings is dat 71 % van die respondente oortuig was dat hulle werkgewers hoë vlakke van interaksie gehandhaaf het met personeel te midde van uitdagende sake-omstandighede wat resessie verwant is. 94% het dit gestel dat hulle trots is om vir 'n betrokke werkgewer te werk. Die oorgrote meerderheid was ook in hulle skik met die strategiese leierskap binne die organisasies. Daar was egter ook betekenisvolle uitdagings, waaronder veranderingsbestuur. Slegs 54% van die respondente het gedink hulle organisasies was skerp genoeg op hierdie gebied - slegs 64% was van mening dat hulle leiers oor die nodige vaardighede beskik om veranderings effektief te bestuur. Ondoeltreffende kommunikasie (tydigheid, hoeveelheid en inhoud) word gesien as die Achilleshiel van die organisasies wat betrek was. Net meer as 53% van die respondente was van oordeel dat kommunikasie voldoende was. Opleiding en leergeleenthede is 'n verdere uitdaging met minder as 50% deelnemers wat tevrede was met die status quo. Topbestuurders sal dus moet aandag moet gee aan doeltreffende ingryping in onderrig en ontwikkeling en 'n kultuur van billikheid en vertrouwe skep. Hulle behoort ook groter steun te gee aan vrouebestuurders.

Hierin lê daar heelwat lesse vir die entrepreneur op die plaas, wie se bestuur en leiding bepalend is vir die heil van almal betrokke. Pas mens dit toe op bogenoemde verhouding, tel onder die “Wat om te hê” sake soos: kundige vennootskappe tussen belanghebbendes, differensieer en diversifiseer, verbeterde omstandighede om beter en goedkoper besigheid te kan doen en om geen steen onaangeroer te laat om boerdery beter te maak nie. Onder-die-lyn aspekte van belang is om nie te gou oorwinnings te verklaar nie, om pro-aktief te wees en nie te wag tot iets breek voordat dit reggemaak word nie, om dinamika te verwar met meganika, om die toekoms te baseer op 'n ekstrapolasie van die verlede, om te lei ly aan analitiese verlamming en om nie te doen wat jy sê nie.

Landbou is deel van die ekonomie, maar dimensioneel wisselvalliger. Boere as entrepreneurs is eerstens leiers en dan bestuurders, maar afgesien van die betrokkenheid, vereis die onstuimige hede dat diesulkes die pad moet bou terwyl hulle daarop loop.

Kobus Laubscher (PhD)

Agricultural Economist/Landbou-ekoloog

M.Inst.D & Fellow, World Academy of Productivity Science

Direkteur/Director: Core Business Development (Pty) Ltd


Internet gebaseerde rekenkundige stelsels vs op perseel stelsels - hoe klop die somme?

Die gebruik van internet gebaseerde rekenkundige platforms ontsluit etlike voordele in 'n sake-omgewing wat jou onderneming na die volgende vlak kan voer. In ons vorige artikel het ons die voordele uiteengesit van die gebruik van internet gebaseerde platforms in u sake-onderneming. Vandag gaan ons kyk na die lonende gebruik van internet gebaseerde platforms en hoe dit gebruik kan word om u onderneming se ekonomiese potensiaal optimaal te ontsluit.

internet gebaseerde Rekenkundige stelsels teenoor meer tradisionele stelsels soos Pastel, Quicken en SAP, verminder die totale koste van eienaarskap, verbeter die opbrengs op u belegging en verminder die terugbetalingsperiode op u belegging, dit alles onderwyl dit ander voordele lewer in stelselprestasie, verslagdoening en doeltreffender werkverrigting.

Vergelyking van totale koste van eienaarskap: internet gebaseerde- vs rekenaarstelsel op perseel (lokale stelsel)

Met die Op-Perseel sagteware-oplossings, word die meerderheid lopende koste sigbaar nadat die stelsel geïmplementeer is. Met internet gebaseerde stelsels, behels die enigste lopende koste implementering, pasmaking en opleiding wat 'n minder-substansiële lopende investering vereis. Hierdeur kan ondernemings eintlik geld bespaar met die internet. Met minder totale koste kan die Opbrengs op Belegging dikwels driesyfer persentasies oorskry, onderwyl Terugbetalingstyd tipies 'n breukdeel van Op-Perseel uitmaak, gemiddeld 3-6 maande.



Wanneer die die totale koste van eienaarskap van 'n internet gebaseerde- en 'n op-perseelstelsel vergelyk word, kan dit aanvanklik blyk dat die op-perseeloplossing 'n koste-doeltreffender oplossing bied. Indien die u die opsies opweeg, is die aanvangskoste, gemiddeld, vir sagtewarelisensies sowat 9% van die totale IT-uitgawe, teenoor die aanvanklike subskripsiegelde van internet gebaseerde rekenarisering wat 68% beloop van die totale IT-uitgawe. As egter gekyk word na al die koste wat met elke stelsel verbind word, blyk dit dat daar meer is as wat 'n mens opval.

Voordele van 'n internet gebasseerde stelsel

Bykomend tot verminderde lopende uitgawes, bied die internet veelvuldige voordele teenoor Op-Perseel-stelsels, met inbegrip van verhoogde databeveiliging, verminderde onderhoudskoste en makliker arbeidsmagbestuur.

- **Verhoogde databeveiliging:** Om sensitiewe finansiële data veilig te hou is van die hoogste belang vir enige bedryf. Omdat 'n internetwebgebas internet gebasseerde stelsel gehuisves word in 'n bestuurde datasentrum, is die data aansienlik veiliger en stabiel vergeleke met op-perseel oplossings. Deur 24-uur sekuriteit, veelvuldige oortolligheid en ander vorms van kontinuïteit aan te bied, verminder internet gebasseerde stelsels aansienlik die risiko van diefstal, skade of ander kwessies, vergeleke met plaaslike, op-perseel persoonlike rekenaars binne 'n sentrale kantoor.
- **Verminderde onderhoudskoste:** internet gebasseerde stelsels voorsien sagteware-opgradering wat outomaties geïnstalleer word, wat die noodsaaklikheid verminder om IT-hulpbronne uit te brei om sagteware programme te installeer, te herinstalleer of opgradeer. Daarbenewens, omdat internet gebasseerde sagteware by 'n datasentrum gemonitor word, is enige versoenbaarheidskwessies reeds aangepak en opgelos voordat 'n nuwe program geïmplementeer word. Kostebesparings word ook gerealiseer vanweë verminderde stelselmanktyd.
- **Makliker bestuur van werkmag:** internet gebasseerde oplossings bied sagtewaretoegang vanaf enige rekenaar. Dit maak dit makliker vir sakevennote, soos ouditeursfirmas en uitkontrakteringsmaatskappye, om vinniger toegang te kry tot toepaslike data. Maatskappye geniet ook 'n groter mate van onmiddellike beheer oor datatoegang wanneer werknemers die maatskappy verlaat.
- **Buigsaamheid en werksomvang:** internet gebasseerde stelsels bied te alle tye datatoegang vanaf enige rekenaar, wat die stelsel se buigsaamheid optimaliseer. Deur opgedateerde data te voorsien, word verslagdoening meer buigsaam met tot op 13 dimensies en sigbaarheid vir gekonsolideerde of veelvoudige entiteite. Omdat dit in staat is om uit te brei wanneer nodig, beskik internet gebasseerde stelsels oor 'n werksomvang wat voldoen aan die behoeftes van enige werkverrigting. In plaas daarvan om gebruikerslisensies en geskikte hardeware te bekom wat benodig mag word in tradisionele op-perseel installerings, akkommodeer die internet gebasseerde stelsel gerieflik nuwe gebruikers en veelvuldige entiteite, asook veelvuldige betaalmiddels deur sy sentrale datasentrum.

Internetwolk vs Op-Perseel: 'n Gawe wat aanhou gee

Wanneer die kenmerke van 'n internet gebasseerde stelsel vergelyk word met 'n op-perseel stelsel, bied faktore soos verhoogde databeveiliging, verminderde onderhoudskoste en makliker werkmagbestuur, asook buigsaamheid en werksomvang 'n beduidende verbetering in werksverrigting oor die langtermyn. Daarbenewens maak die hoër koste en die risiko van op-perseel stelsels wat verband hou met hardeware, lopende sagteware en die onderhoud van data-integriteit, internet gebasseerde-rekenarisering 'n aantrekliker opsie.

Vir nadere inligting oor die beskikbare platforms en hoe hulle u sake-onderneming kan bevoordeel, skakel Dirk van Velden by (051) 448 8188.

Dirk van Velden
B.Compt (Hons) CFA(SA)
Direkteur/Director: Core Cloud Accounting (Pty) Ltd



Struktuur van 'n behoorlik opgestelde Testament

Hierdie artikel is die eerste in 'n reeks van artikels oor die belangrikheid van 'n behoorlik opgestelde testament en ook die inhoud daarvan. Die eerste artikel is gemik om kortliks die struktuur van 'n behoorlik opgestelde testament uiteen te sit.

Wanneer enige Testament opgestel word, is dit belangrik dat die korrekte prosedure gevolg moet word. Testamente kan afsonderlik of gesamentlik (met byvoorbeeld 'n eggenoot(te)) opgestel word. Daar is 'n aantal klousules wat in die meeste testamente voorkom en wat as die basiese struktuur van 'n Testament gesien kan word.

Die herroepingsklousule word altyd aan die begin van 'n testament gebruik om te verseker dat alle vorige testamente herroep word en dat die testament wat opgestel word, nou die testateur of testaris se laaste wense is.

Die volgende klousule is gewoonlik die kern van die testament en word alle bemakings hierin uiteengesit. Dit is baie belangrik dat die bemakings so duidelik en eenvoudig moontlik uiteengesit word om enige verwarring te voorkom. Wanneer gesamentlike testamente opgestel word, is dit belangrik om vir die moontlike scenarios voorsiening te maak, waar die persone wat die testament opstel, as eerssterwende, langsliewende of gesamentlik te sterwe kan kom.

'n Verdere belangrike klousule is waar die eksekuteur (person wat die boedel moet afhandel) aangestel word. Die keuse van 'n eksekuteur is van groot belang. Die persoon wie se Testament opgestel word het die keuse om 'n eksekuteur te benoem wat self die nodige kennis het om die boedel te kan afhandel, of daar kan byvoorbeeld 'n familielid benoem word, wat dan die verantwoordelikheid sal neem om 'n bevoegde agent aan te stel om die boedel te beredder. Indien die Meester van die Hooggeregshof die bevoegdheid van die aangestelde eksekuteur bevraagteken, sal daar vereis word dat 'n bevoegde agent aangestel word.

'n Verdere baie belangrike klousule het die strekking dat die bemaking aan enige erfgenaam uitgesluit is van die regsgevolge, insluitend huwelike in gemeenskap van goed en die aanwasbedeling, van enige huidige of toekomstige huwelik van 'n erfgenaam.

Waar minderjarige erfgename betrokke is, is dit ook baie belangrik om vir sodanige kinders in die testament voogde aan te stel wat die natuurlike voog by sy/haar afsterwe sal vervang. Dit is laastens ook belangrik om minderjarige erfgename se erfenisse in trust te beskerm totdat sodanige minderjarige bevoeg is om na sy eie bates om te sien.

Loer gerus weer in 'n volgende Nuusbrief vir die volgende aflewering in die reeks oor testamente. Moenie huiwer om ons te kontak indien daar intussen enige vrae is nie.

Piet Swanepoel
B.luris LLB Adv Tax Cert Adv PDFP
Direkteur/Director: Core Trusts & Estates (Pty) Ltd



Die oorgangstydperk vir die intree van die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk vir Swart Ekonomiese Bemagtiging verleng

Op 11 Oktober 2013 het Minister Rob Davies die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk vir Swart Ekonomiese Bemagtiging aangekondig en voorsiening gemaak vir 'n 12-maande oorgangstydperk, waartydens ondernemings vertroud kan raak met die Gewysigde Kodes en hul strategie kan aanpas by die nuwe, strenger vereistes.

Met die aankondiging van die Gewysigde Kodes, is 'n paar Verklarings weggelaat, onder meer: Geen Kwalifiserende Klein-ondernemings (KKO) -telkaart is gepubliseer nie, wat verwarring tot gevolg gehad het oor hoe KKO's beoordeel moet word; en die Verifikasie Riglyne is ook weggelaat. Die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) het toe intussen aangekondig dat bykomende Verklarings, met inbegrip van die KKO-telkaart, uitgereik gaan word alvorens die Gewysigde Kodes in werking tree en het ook aangedui dat die Sektor Kodes dringend in ooreenstemming met die Gewysigde Kodes gebring behoort te word.

Op 18 Maart 2014, het Minister Davies aangekondig dat die oorgangstydperk verleng is tot 30 April 2015 en dat die Gewysigde Kodes as sulks op 1 Mei 2015 in werking sal tree, in plaas van op 10 Oktober, soos oorspronklik beoog. Met die aankondiging van die verlenging van oorgangstydperk, was daar 'n sug van verligting deur menige besigheidseienaars, omdat die Gewysigde Kodes behoorlike, tydige beplanning en ook meer inspanning sal vereis, ten einde die neergelegde transformasiedoelwitte te bereik. Hoewel ons die aankondiging van die verlenging verwelkom, is dit belangrik dat ons u, ons gewaardeerde kliënt, daaraan herinner dat u nie moet versuim om insae te kry van die Gewysigde Kodes en watter uitwerking dit op u besigheid sal hê nie. Die tyd het aangebreek vir u om te beplan en u strategieë gereed te kry.

Vir ondernemings waarvan die boekjare in Desember 2014 eindig of selfs in Februarie 2015, is dit nog moontlik om 'n verifikasie in Maart of April 2015 in te pas, net voordat die Gewysigde Kodes in werking tree, en nog steeds beoordeel te word op die "ou" Kodes, mits Jaarlikse Finansiële State betyds gefinaliseer is. Vir ondernemings met hul boekjare wat in Junie eindig, byvoorbeeld, sal die huidige boekjaar waarskynlik die laaste jaar wees om volgens die "ou" Kodes beoordeel te word, bedoelende dat daardie ondernemings hul nuwe SEB strategieë reeds in Julie 2014 moet implementeer.

Ons aanbeveling vir ons kliënte is om die bykomende tyd wat verleen is te gebruik om behoorlik en verstandig te beplan. Geen SEB-strategie kan suksesvol wees as dit nie besigheidsin maak nie en as dit nie oor die algemeen waarde toevoeg tot u besigheid nie. Die dae toe SEB net 'n "merkie-oefening" was is verby. Die ondernemings wat die meeste sal baat, is die wat hul kragte sal inspan om die geleentheid van ware transformasie te ondersoek en strategieë gereed kry wat hulle nie net in 'n posisie plaas om te voldoen aan die eise van SEB nie, maar sal ook 'n opbrengs sal lewer op hul SEB beleggings en aan hulle 'n mededingende voordeel besorg.

Vir enige advies oor die uitwerking van die Gewysigde Kodes op u besigheid, of hoe om u onderneming se SEB nakoming te verbeter, tree in verbinding met die CORE BEE span.

Colette Cilliers
B.Com (Hons)
Direkteur/Director: Core BEE (Pty) Ltd

Versekeringsbedrog

In 'n verswakkende ekonomie behoort elkeen uitgawes te besnoei en eienaars van besighede behoort voortdurend te soek na nuwe strome van inkomste

U mag vra wat dit alles te doen het met versekering. Kom ons kyk na die moontlikhede.

Gespesifiseerde alle-risiko eise-items onder 'n sekere waarde, word vining afgehandel – geen vrae deur versekeraars; net vinnige en effektiewe eise-hantering om die versekerde in die posisie te plaas waarin hy hom bevind het voor die eis. Aan ons almal is die vraag gestel: “Sal dit 'n versekerings-eis wees of gaan dit privaat wees?”

In die vorige jaar het versekeraars 'n geraamde R4 b verloor weens versekeringsbedrog. Valse eise, opgeblaaide prysvasstellings, fiktiewe items, selfs fiktiewe kliënte – alles ter oorsake van die voormelde bedrag. Soos wat die bedryf vorentoe beweeg en inligting ondermekaar uitdeel en alle skuiwergate toemaak, net so het bedrieërs integrale stelsels van bedrog en korrupsie ontwikkel. 'n Groot deel van motorvoertuigbedrog spruit uit afgeskrewe voertuie wat gebruik word om gesteelde voertuie te kloon. Die Navis-dokumentasieword gebruik vir die ou voertuie om gesteelde voertuie terug op die paaie te plaas, wat dan aan onskuldige kopers te koop aangebied word.

Alles hierbo het 'n uitwerking op versekeringspremies en op ons polishernuwingsvoorwaardes. Versekeraars is daar om wettige eise uit te betal in ruil vir die premies wat hulle van polishouers ontvang. Die verlies weens versekeringsbedrog moet verantwoord word en daarom sal polishouers se premies met meer as die jaarlikse inflasiekoers verhoog. Hoewel die verhoging vir bedrog minimaal is, is dit steeds 'n werklikheid wat ondersoek behoort te word. Die Suid-Afrikaanse Versekeringsmisdadburo is in 2008 gestig en takel georganiseerde bedrog en misdaad in die versekeringsbedryf. Die versekeringsbedryf deel kliënte, tussengangers en soms ook diensverskaffers met mekaar. Dit is ongelukkig egter ook so dat 'n mens bedrieërs in hierdie ketting aantref. Deur hierdie inligtingsuitdeelproses, word tendense oor eise, kliënte, items en voertuie nagespeur en die skuldiges word geïdentifiseer.

So, hoe word 'n voertuig gekloon? Ek sal vcerduidelik. Die Vinnommer van 'n voertuig wat wettiglik aan 'n eienaar behoort word deur 'n dief nageboots. Hierdie Vin word dan gebruik om nagemaakte dokumente te skep. 'n Voertuig van dieselfde beskrywing en kleur word dan gesteel. Die Vin-identifikasie word vervang met die nagemaakte dokumente en die voertuig word aan die niksvermoedende verbruiker verkoop.

Wanneer 'n mens 'n voertuig koop, is dit wys om altyd alle dokumente van die voertuig na te gaan, met inbegrip van die eienaar se handleiding en diensboek, en twee stelle sleutels; koop ook altyd by 'n agtingswaardige verkoper.

Die Suid-Afrikaanse Versekeringsmisdadburo kan geskakel word by 086 000 2526, sms 32269 of besoek die webblad www.saicb.co.za.

Jaco Wiehman
 B.Econ CFP
 Direkteur/Director: Core Financial Solutions (Pty) Ltd

the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za